Posbus 35

Mooinooi

0325

Augustus 2020

Beste Ruitvriende

Wat ’n jaar! Hoeveel dinge het gebeur wat nie moet gebeur het nie, en hoeveel dinge het nie gebeur nie wat wel gebeur het!

Verlede jaar het ek wil iets gewaag: ek het opgemerk dat Kerkkantore almal e-pos het en die dominees e-pos. Ek het gevra dat die kerkkantoor of die dominee dit vir my e-pos!

Hierdie jaar het ek net 9 Ruite met die pos ontvang. Die res is gefaks of ge-e-pos. Dankie aan dominees, kerkkantore en familie wat die ruite vir my elektronies ingestuur het. Ek met ook dat ruim helfte van ons Ruiters hulle eie e-posadresse het. Tye verander!

Ons het ook in die jaar begin met ’n Whatsapp-groep. Die wat reeds ingeskakel het, het so lekker gekuier ek moes briek aandraai! Ons het ooreengekom om net vrae oor die Ruite te vrae te antwoord, en die ander boodskappies persoonlik te hou. As u nog nie ingeskakel het nie, stuur net ’n whatsapp aan my by 0845512107 – en vra om in te skakel.

Ek kry steeds die vraag: wat moet ons instuur? Die ingevulde blokraai met die antwoordblad waarop u die tekste ingevul het. Niks meer nie.

Die volgende vraag is: hoe moet ons dit instuur? Verkieslik per e-pos – **maar stuur dit na albei die adresse, asseblief!** Ek verduidelik: daar is soms ’n elektroniese voëltjie wat op die draad gaan sit. Dan raak dit weg. So het daar in die afgelope jaar 32 e-posse op een van die twee adresse weggeraak – wat ek wel by die ander een gekry het. Dit kos niks ekstra om dit na meer as een adres te stuur nie.

Doen dit so:

As u dit nie kan elektronies instuur nie, kan u dit ook maar per faks stuur na 0866008070.

Of pos na Posbus 35, Mooinooi, 0325.

Ja, as u tot hier lees- my adres verander. Teen dit tyd wat u die Ruite ontvang, emeriteer ek. Ons verhuis vroeg in 2021 na Mooinooi.

Dankie, weereens aan Betsie en ook my jongste, Rialette, vir die proeflees. Spotty de Waal proeflees dit ’n tweede keer. Dankie!

Die Ruite is ook op my webwerf by http://www.ssplus.co.za/ruite.htm - waar dit afgelaai kan word,

Ek laat u met die bede dat u net God se genade kan ervaar deur al die vreugdes en swaarky!

U Ruitherder